basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# TOERISME

## EKSAMENRIGLYNE

## GRAAD 12

## 2021

**Hierdie riglyne bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INHOUDSOPGAWE**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | **3** |
| **2.** | **ASSESSERING IN GRAAD 12** | **4** |
| | 2.1 Verkorte Afdeling 4 van die KABV | 4 |
| | 2.2 Formaat van die graad 12 Toerisme-vraestel | 5 |
| | 2.3 Kognitiewe eise in die vraestel | 5 |
| | 2.4 Struktuur van die vraestel: graad 12 Rekord- en Finale NSS-eksamen | 6 |
| **3.** | **UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)** | **8** |
| **4.** | **DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT)** | **12** |
| **5.** | **SLOT** | **13** |
| BYLAE A: | DIE TYDSONEKAART | 14 |
| BYLAE B: | AKSIEWERKWOORDE: BLOOM SE HERSIENE TAKSONOMIE | 15 |
| BYLAE C: | LYS VAN TERME WAT ALGEMEEN GEBRUIK WORD WANNEER VRAE OPGESTEL WORD | 16 |
| BYLAE D: | LYS VAN HANDBOEKE DEUR DIE DBE GOEDGEKEUR | 16 |

## 1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Toerisme beskryf die aard en doel van die vak Toerisme. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat- (NSS) -eksamen in Toerisme geassesseer gaan word
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamen voor te berei
- Onderwysers en leerders in te lig oor die waarde van die PAT vir die finale promosiepunt

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens, skoolgebaseerde assessering (SGA) en die praktiese assesseringstaak (PAT).

Hierdie Eksamenriglyne moet saam met die volgende gelees word.

- Die *Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Toerisme*
- Die 2021 Nasionale Herstel Jaarlikse Onderrigplan: Toerisme graad 12
- Die Verkorte Afdeling 4 (Graad 12 KABV-wysigings vir Toerisme) 2021
- Die *Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

## 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

### 2.1 Verkorte Afdeling 4 van die KABV

**Hersiene skoolgebaseerde assessering (SGA) vir 2021–2023**

**GRAAD 12**

<table>
<tr><th colspan="4">TOERISME<br>HERSIENE SGA-GEWIGTOEKENNING VIR 2021–2023<br><br>GRAAD 12</th></tr>
<tr><td colspan="4">Formele assessering graad 12</td></tr>
<tr><th>SGA<br>KWARTAAL 1</th><th>SGA<br>KWARTAAL 2</th><th>SGA<br>KWARTAAL 3</th><th>BEVORDERINGSPUNT<br>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td>Taak 1<br>Maart kontroletoets<br><br>100%</td><td>Taak 2<br>Vaardigheids-assessering Taak<br><br>100%</td><td>Taak 3<br>Datahantering Taak<br>25%<br><br>Taak 4<br>Rekord-eksamen<br>75%</td><td>SGA = Kwartaal 1, 2 + 3<br>= 300 ÷ 3 = 100<br>25%<br><br>PAT = 100<br>25%<br><br>November Eksamen 200<br>50%</td></tr>
<tr><td>100</td><td>100</td><td>100</td><td>100</td></tr>
<tr><td></td><td>PAT<br>50 + 50<br>Punte toegeken in Kwartaal 4</td><td></td><td></td></tr>
</table>

**Die formele assesseringsvereistes vir Toerisme (graad 12)**

- Vier formele teoretiese (SGA) assesseringstake moet gedurende die skooljaar vir graad 12 voltooi word. Dit dra 25% tot die totale punte vir die jaareind-assessering in Kwartaal 4, by. Die vier formele assesseringstake (SGA) is VERPLIGTEND.

**Die assessering aan die einde van die jaar bestaan uit twee dele:**

- 'n Praktiese assesseringstaak (PAT) en 'n geskrewe teorie-vraestel. Saam maak hierdie twee dele die oorblywende 75% in graad 12 uit.
- Die drie komponente vorm saam die promosiepunt vir die einde van die jaar van 100%.
- In graad 12 word alle SGA-assesseringstake intern opgestel, nagesien en gemodereer.
- Die NSS-assessering (75%) aan die einde van die jaar in graad 12 word ekstern opgestel, nagesien en gemodereer.
- Elke taak moet voorsiening maak vir 'n gebalanseerde reeks kognitiewe vlakke, sowel as die voorgeskrewe reeks vir moeilikheidsvlakke.
- 'n Item en foute-ontleding van leerderprestasies moet voltooi word nadat 'n formele assesseringstaak nagesien is. Die doel van die ontleding is om 'n gebrek aan kennis en begrip of swak ontwikkelde vaardighede bloot te lê. Dit help verder om die mees geskikte intervensiestrategie te identifiseer om die vlak van kennis en begrip en leerderprestasie te verbeter.
- Die PAT word intern geassesseer deur die onderwyser en departementshoof verantwoordelik vir Toerisme. Dit kan ook deur die vakadviseur/provinsiale vakhoof ekstern gemodereer word.

## 2.2 Formaat van die graad 12 Toerisme-vraestel

- Die Toerisme-eksamen bestaan uit een 3 uur-vraestel van 200 punte.
- Die vraestel is in vyf VERPLIGTE afdelings ingedeel.
- Die nasionale Toerisme-vraestel word met gebruik van 'n spesifieke struktuur opgestel. Dit sal tot die voordeel van leerders strek om hulle met hierdie formaat vertroud te maak. Daar word aanbeveel dat onderwysers die formaat hieronder gebruik vir alle eksamens wat intern opgestel word.

Die tabel hieronder dui die struktuur van die vraestel aan.

| AFDELING | VRAAG | ONDERWERP | PUNTE |
|---|---|---|---|
| **A** | 1 | Kortvrae (dek alle onderwerpe) | 40 |
| **B** | 2 | Kaartwerk- en Toerbeplanning | 50 |
| | 3 | Buitelandsevaluta-verhandeling | |
| **C** | 4 | Toerismebesienswaardighede | 50 |
| | 5 | Kultuur- en Erfenistoerisme | |
| | 6 | Bemarking | |
| **D** | 7 | Toerismesektore | 30 |
| | 8 | Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | |
| **E** | 9 | Binnelandse, Streeks- en Internasionale Toerisme | 30 |
| | 10 | Kommunikasie en Kliëntediens | |

## 2.3 Kognitiewe eise in die vraestel

Die vraestel maak voorsiening vir die verskillende leervermoëns van leerders met 'n reeks kognitiewe vlakke. Leerders kan vrae met laer, middel- en hoër kognitiewe vlakke verwag.

Om leerders voldoende vir die kognitiewe eise van die finale eksamenvraestel voor te berei, is dit noodsaaklik dat onderwysers die kognitiewe eise van alle interne formele assesseringstake vir graad 10–12 volgens die vlakke wat in die KABV uiteengesit word, opstel. Meer komplekse leer sal tot hoër-orde denke lei. Onderwysers moet seker maak dat interne formele assesseringstake nie net 'weet wat'-vrae bevat nie, maar ook 'weet hoe'-vrae.

Die tabel hieronder dui die gewigstoekenning van die kognitiewe eise in die vraestel aan, soos in die KABV of Verkorte Afdeling 4-wysigings uiteengesit.

| KOGNITIEWE VLAKKE | % | 200 PUNTE |
|---|---|---|
| **Laer orde:** | **30** | **60** |
| Onthou | | |
| | | |
| **Middel-orde:** | **50** | **100** |
| Begrip | 20 | 40 |
| Toepassing | 30 | 60 |
| | | |
| **Hoër orde:** | **20** | **40** |
| Ontleed | | |
| Evalueer | | |
| Skep | | |

Onderwysers en leerders moet daarop let dat daar 'n verband is tussen die punte wat vir 'n spesifieke vraag toegeken word en die kognitiewe eise daarvan. Vraestelle word ook in ooreenstemming met die voorgeskrewe reeks vir moeilikheidsvlakke opgestel. Leerders moet dit in gedagte hou wanneer hulle vrae beantwoord.

| MOEILIKHEIDSVLAKKE | PERSENTASIE |
|---|---|
| Maklik | 30% |
| Gemiddeld | 50% |
| Moeilik | 20% |

Wanneer vraestelle of enige ander formele assesseringstake opgestel word, moet beide eksaminators en onderwysers 'n **ontledingstabel** voltooi om te verseker dat die korrekte gewigstoekenning, volgens die kognitiewe vlakke in die *Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Toerisme* uiteengesit, in die vraestel toegepas word.

## 2.4 Struktuur van die vraestel: graad 12 Rekord- en Finale NSS-eksamen

In die tabel hieronder is die tydtoekenning bygevoeg om leerders te help om hulle tyd te bestuur sodat hulle die vraestel betyds kan voltooi.

| AFDELING | VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|---|
| **A** | 1 | Kortvrae (dek alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| **B** | 2 | Kaartwerk- en Toerbeplanning | 50 | 50 |
| | 3 | Buitelandsevaluta-verhandeling | | |
| **C** | 4 | Toerismebesienswaardighede | 50 | 50 |
| | 5 | Kultuur- en Erfenistoerisme | | |
| | 6 | Bemarking | | |
| **D** | 7 | Toerismesektore | 30 | 30 |
| | 8 | Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | | |
| **E** | 9 | Binnelandse, Streeks- en Internasionale Toerisme | 30 | 30 |
| | 10 | Kommunikasie en Kliëntediens | | |
| | | | **200** | **180** |

Onderwysers moet op hoogte bly van die nuutste verwikkelinge en huidige tendense in die toerismebedryf wanneer hulle informele en formele assesseringstake opstel. Moedig leerders aan om 'n woordelys te ontwikkel met woorde/terme wat met elk van die onderwerpe hierbo verband hou.

Let op die volgende:

- Alle vrae is VERPLIGTEND.
- Leerders moet aangemoedig word om die vraestel aandagtig deur te lees voordat hulle begin skryf.
- Toepassing van die inhoud is een van die vaardighede wat vir die beantwoording van die Toerisme-vraestel vereis word.
- Wanneer leerders toegelaat word om te begin skryf, moet hulle die gedagtes of idees agterin die ANTWOORDBOEK neerskryf. Die neerskryf van idees kan 'n nuttige geheuesneller wees wanneer die werklike vrae beantwoord word.
- Lees al die opskrifte en instruksies aandagtig deur. Leerders moet betrokke raak by hulpbronne, soos gevallestudies, uittreksels, grafieke, kaarte, strokiesprente, prente, vloeidiagramme, infografika, wisselkoerstabelle en woordwolke. Bestudeer die bronne en die vrae: 'Waaroor gaan dit?; Wat sê dit?; Met watter deel van my kennis hou dit verband?'
- Leerders moet geleer word om die puntetoekenning in ag te neem wanneer die lengte van hulle antwoorde bepaal word.

- Leerders moet aangemoedig word om toerisme-terme en -konsepte in hulle antwoorde te gebruik.
- Beantwoord in **volsinne**, tensy anders aangedui.
- Leerders moet aangemoedig word om genoeg tyd aan die einde van die eksamen te los om oor hul antwoorde te besin.
- Netjiese, leesbare handskrif is noodsaaklik. Korrigering van swak uitdrukking, spelling en die nagaan van berekeninge sal tot hul voordeel wees.
- Geen punte sal toegeken word vir slegs 'ja'/'nee' nie; punte sal toegeken word vir die motivering/ondersteuning van die antwoord.
- Die graad 12 Toerisme-vraestel is die finale eksamen van die driejaar-VOO-fase en inhoud wat in graad 10 en 11 gedek is, sal gebruik word om die diepte van die leer in hierdie fase te eksamineer.

**AFDELING A: KORTVRAE**

Hierdie afdeling sal kortvrae soos meervoudigekeuse-vrae, pasitems (KOLOM A/KOLOM B), kies die korrekte woord uit die opsies gegee, gee die korrekte woord, kaartwerk, grafieke, geheuekaarte, prente, toerisme-logo's, strokiesprente, 'ínfographics' en woordwolke bevat. Ken die toerismeterminologie en afkortings/akronieme goed; dit kan in hierdie afdeling geassesseer word. **Daar is geen WAAR/ONWAAR-vrae nie.**

Leerders moet daarvan bewus gemaak word dat, strydig met die algemene opvatting, hierdie afdeling nie noodwendig as die 'maklike' deel van die vraestel beskou kan word nie. Vrae wat met die eerste oogopslag eenvoudig lyk, kan moontlik deeglike oorweging vereis. Oorweeg die afleiers in die meervoudigekeuse-vrae sorgvuldig.

Alle onderwerpe en subonderwerpe in die graad 12-KABV kan in hierdie afdeling geassesseer word, graad 10- en 11-inhoud, wat as fundamentele, onderliggende kennis beskou word, kan hierby ingesluit kan word. Vrae kan ook geformuleer word om die verskillende vlakke van kognitiewe vereistes te dek.

**AFDELINGS B, C, D en E**

Hierdie afdelings beoordeel individuele onderwerpe in meer diepte en benodig gewoonlik meer omvattende en in sommige gevalle meer diepgaande antwoorde van leerders.

Vrae in hierdie afdelings kan bronne, soos kaarte, grafieke, tabelle, prente, logo's, vloeidiagramme, uittreksels, gevallestudies, strokiesprente, infografika en woordwolk, insluit. Dit sal tot leerders se voordeel wees as hulle vanaf graad 10 aan hierdie bronne in die formele en informele assesseringstake blootgestel word.

Die vraestel sal nie net die leerders se kennis van die onderwerpe se inhoud assesseer nie, maar ook hul vermoë om meer komplekse begrip- en probleemoplossingvaardighede te toon. Leerders kan gevra word om te verduidelik, te motiveer, te staaf, te interpreteer, toe te pas, te redeneer en te bereken. Leerders moet daarop gewys word om ALLE STAPPE TE TOON by berekeninge en om antwoorde tot TWEE desimale plekke in Forex-berekeninge af te rond.

Vrae kan met **'Gee jou standpunte oor …'; 'Verduidelik waarom …'; 'Bespreek hoe …'; 'Lewer kommentaar op …'; 'Stel … voor …'; 'Analiseer/Ontleed …'; 'Evalueer …'; 'Stem jy saam …'; 'Maak aanbevelings oor …'; 'Regverdig/Motiveer/Staaf …'; 'Na jou mening …'; 'Redeneer vir of teen …';** ens. begin. Hierdie vrae vereis hoër-orde-denkvaardighede en leerders moet **krities** en **kreatief dink** of **probleme oplos**.

Hierdie afdelings sal ook vrae bevat wat **paragraaftipe antwoorde** vereis. Daar word aanbeveel dat leerders opgelei word om paragraaftipe antwoorde te skryf.

## 3. UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)

'n Uitbreiding van die inhoud en konteks wat in die assessering van die onderwerpe vir Toerisme ingesluit word, word hieronder gegee. Hierdie afdeling moet saam met die Toerisme-KABV (Afdeling 3 en 4) sowel as die Verkorte Afdeling 4 (graad 12 KABV-wysigings vir Toerisme – 2021) gelees word.

| **AFDELING A: KORT VRAE** | **40 punte** |
|---|---|
| **VRAAG 1**<br>Vrae in hierdie afdeling sal die inhoud volgens kennis, begrip en toepassing assesseer. | |
| **AFDELING B: (TWEE vrae)** | **50 punte** |
| Leerders sal 'n nieprogrammeerbare **sakrekenaar** vir hierdie afdeling nodig hê.<br><br>**VRAAG 2: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING**<br><br>**Leerders kan vrae oor die volgende verwag:**<br>Toerplanne en roetebeplanning, die opstel van 'n daaglikse toerplan, die opstel van 'n toerbegroting, gesondheid, veiligheid, reisdokumentasie, wêreldtydsones en berekening van wêreldtye wanneer daar tussen lande gereis word.<br><br>**Algemene opmerkings:**<br>Die tydsonekaart (BYLAE C) wat saam met hierdie riglyne verskaf word, moet vir die interpretasie en begrip van tydsones gebruik word.<br>Daar word nie van leerders verwag om te weet watter lande dagligbesparingstyd (DBT) toepas nie, maar hulle moet uit die gegewe scenario/tabel kan bepaal in watter gevalle DBT toegepas moet word. Hulle moet die invloed van tydsones en DBT op reisbeplanning en reise verstaan.<br><br>**Leerders moet alle berekenings toon.** Punte sal toegeken word vir elke stap wat in die berekenings gebruik word. Dit word aanbeveel dat leerders hulleself met die formaat van tydsoneberekenings in die nasienriglyne van vorige vraestelle vertroud maak.<br><br>Leerders moet vertroud wees met lugdiens-terminologie, soos oorstaantyd, reisonderbrekingstyd en +1, wat na die volgende dag op 'n lugdiensskedule verwys.<br><br>Leerders moet blootgestel word aan huidige wêreldwye gesondheidskwessies wat die reis na die bestemming sal beïnvloed. Ken die aanbevole stappe/voorsorgmaatreëls wat gevolg word met die mees onlangse uitbrekings van siektes.<br><br>Oor die algemeen moet gesondheids- en veiligheidsmaatreëls vir toeriste in terme van onvoorsiene gebeure aan die hand van die huidige inligting bespreek word.<br><br>Leerders moet vertroud wees met die jongste dokumentasie wat benodig word vir toegang tot reisdokumente, doeanevereistes en die invloed hiervan op internasionale inkomende en uitgaande reise. | |
| **VRAAG 3: BUITELANDSEVALUTA-VERHANDELING**<br><br>**Leerders kan vrae verwag oor:**<br>Buitelandse valuta<br><br>**Algemene opmerkings:** Die impak/invloed van die geldeenheidskommelinge of -wisselinge op reise. Gebruik slegs wisselkoerse wat uitgedruk word as 1 eenheid van buitelandse valuta = waarde in rand, d.i. 1USD = R13,50. Sakrekenaars mag vir bewerkings gebruik word. Alle berekeninge tot TWEE desimale moet afgerond, bv. R74,56.<br><br>**Leerders moet alle berekenings toon.** Leerders moet weet wanneer om die bankaankoopkoers (BAK) en die bankverkoopkoers (BVK) vir berekenings te gebruik. Leerders moet 'n wisselkoerstabel kan gebruik en interpreteer om vrae oor Forex te beantwoord.<br>• Verstaan die redes vir die skommelinge van die rand teenoor vernaamste geldeenhede<br>• Ken die redes vir die skommelinge in wisselkoerse en die impak wat dit op internasionale inkomende en uitgaande reise het | |

| **AFDELING C (DRIE vrae)** | **50 punte** |
|---|---|
| | |

**VRAAG 4: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE**

**Leerders kan vrae verwag oor:**
Internasionale wêreld-ikone en -besienswaardighede hieronder gelys, in lyn met die 2021 Nasionale Herstel Jaarlike Onderrigplan: Toerisme graad 12

**Die volgende ikone moet gedurende die periode 2021–2023 bestudeer word:**

| **2021** | **2022** | **2023** |
|---|---|---|
| Australië: Sydney Operahuis*, Ayers Rock/Uluru-Kata Tjuta Nasionale Park* | Israel: Die Rotskoepel, die Klaagmuur | Peru: Machu Picchu* (Cuzco) |
| Brasilië: Die standbeeld van Christus die Verlosser of Corcovado (Rio de Janeiro) | Griekeland: Die Parthenon (Athene) | Pole: Auschwitz* |
| Kanada: Niagara-waterval | Indië: The Taj Mahal* (Agra) | Portugal: Die Algarve |
| Italië: Colosseum (Rome)*, die Leunende Toring van Pisa (Piazza del uomo)*, Venesië*, Vatikaanstad | Turkye: Blou Moskee (Istanbul) | Spanje: Alcázar van Segovia, stiergevegte |
| Egipte: Die Groot Piramides van Giza*, die Sfinx | Frankryk: Die Eiffel-toring, die Franse Riviera | Thailand: Drywende markte |
| Duitsland: Berlynse muur, Swartwoud | Japan: Berg Fuji | Rusland: Die Kremlin*, die Rooi Plein* (Moskou) |
| China: Die groot muur van China* | Mexiko: Chichen Itza (Yucatan)* | Verenigde Koninkryk: Big Ben* (Westminster-paleis*), Buckingham-paleis, Toring van Londen*, Toringbrug |
| | Jordanië: Petra* | Verenigde State van Amerika: Die Vryheidstandbeeld* (New York), die Grand Canyon* (Arizona) |
| | Nepal: Berg Everest | |
| | Saoedi-Arabië: Mekka | |
| | Switserland: Die Switserse Alpe (Jungfrau-Aletsch)* | |
| | Nederland: Windmeulens | |
| **13 ikone** | **14 ikone** | **14 ikone** |

***Dui aan dat die wêreld-ikoon en besienswaardighede Wêrelderfenisterreine (WET) is**

**Algemene opmerkings:**
Leerders moet onderskei tussen 'n besienswaardigheid en 'n ikoon en die jongste statistiek, wat in die vorm van grafieke, tekste en tabelle aangebied word, kan interpreteer en evalueer. Leerders kan verwag om geassesseer te word oor die ligging van ikone/besienswaardighede op 'n wêreldkaart (land, stad/dorp/gebied), rede(s) waarom dit 'n ikoon/besienswaardigheid is en 'n unieke kenmerk wat dit 'n ikoon/besienswaardigheid maak.

Uit gevallestudies, scenario's, uittreksels, ens., wat verskaf word, moet leerders hulle kennis kan verbind met/toepas op die faktore en kenmerke wat tot 'n suksesvolle toerisme-besienswaardigheid of ikoon bydra.

Onderwysers moet seker maak dat leerders blootgestel word aan beeldmateriaal van ikone/besienswaardighede bo en behalwe teoretiese feite soos deur die KABV vereis.

**VRAAG 5: KULTUUR- EN ERFENISTOERISME**

**Leerders kan vrae verwag oor:**
Wêrelderfenisterreine

**Algemene opmerkings:**
Met gebruik van die jongste inligting moet leerders (onder meer) 'n beskrywing van al die Wêrelderfenisterreine (WET) in Suid-Afrika, hul liggings op 'n kaart van Suid-Afrika, en hoe hulle aan UNESCO-kriteria voldoen, kan gee. Hulle moet ook die logo/embleem kan herken en weet wat die hooffunksie en rol van UNESCO ten opsigte van die WET is. Leerders moet ook die status van Wêrelderfenisterreine kan evalueer. Onderwysers moet seker maak dat die jongste, opgedateerde inligting oor Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika onderrig word.

**VRAAG 6: BEMARKING**

**Leerders kan vrae verwag oor:**
Die bemarking van Suid-Afrika as 'n toerismebestemming
Die rol van Suid-Afrikaanse Toerisme (SAToerisme) in die bemarking van Suid-Afrika

**Algemene opmerkings:**
Leerders moet die konsepte, kernmarkte en opkomende markte verstaan, en ook hoe hulle met die bemarking van Suid-Afrika as 'n toerismebestemming verband hou.

Leerders moet vertroud wees met:
- SAToerisme-handelsmerkbeeld en kernbesigheid
- Befondsing vir bemarkingsdoeleindes – die rol van TOMSA en TBRSA
- Verskeie platforms waar Suid-Afrika bemark word as 'n voorkeurbestemming, naamlik reishandelskoue WTM/ITB/Africa Travel Indaba en die Getaway-skou.

| AFDELING D: (TWEE vrae) | 30 punte |
|---|---|

**VRAAG 7: TOERISME-SEKTORE**

**Leerders kan vrae verwag oor:**
Professionele beeld in die toerismebedryf, diensvoorwaardes en die doel en waarde van 'n gedragskode

**Algemene opmerkings:**
Eksaminators kan 'n verskeidenheid bronne gebruik en daar sal van leerders verwag word om die inligting te interpreteer en toe te pas. Daar word nie van leerders verwag om enige wetgewing te memoriseer nie.

**VRAAG 8: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

**Leerders kan vrae verwag oor:**
Die drie pilare van volhoubare toerisme, korporatiewe maatskaplike belegging (KMI) in toerisme, verantwoordelike toerisme en toeriste

**Algemene opmerkings:**
Die drie pilare van volhoubare toerisme is 'n uitdagende onderwerp. Dit is dus noodsaaklik dat die basis, d.i. die terminologie en konsepte wat met hierdie afdeling verband hou wat in graad 10 onderrig is, deeglik hersien en beklemtoon word. Leerders moet 'n begrip van die konsep en agtergrond van die driedubbeleslotreël-benadering kan demonstreer.

Daar sal van leerders verwag word om hulle kennis op verskeie bronne wat gegee is, toe te pas om aanbevelings te maak en oplossings te gee oor hoe om die driedubbele-slotreël in 'n toerismebesigheid te implementeer.

Leerders moet die rol van korporatiewe maatskaplike belegging ('CSI'), soos dit deur besighede en organisasies beoefen word, krities kan evalueer en assesseer.

Onderwysers moet voorbeelde van maatskappye se inisiatiewe op die internet en gedrukte media gebruik. Inligtingsbronne oor verantwoordelike toerisme, bv. *Verantwoordelike Toerisme Handboek,* FTTSA/FTT-webwerf, *Gauteng Verantwoordelike Toerisme handboek,* ens.

| **AFDELING E: (TWEE vrae)** | **30 punte** |
|---|---|

**VRAAG 9: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME**

**Leerders kan vrae verwag oor:**
Wêreldgebeure van internasionale belang, politieke situasies en onvoorsiene gebeurtenisse van internasionale belang, vorme van betaling wanneer internasionaal gereis word, buitelandse markaandeel en statistiek oor inkomende internasionale toerisme

**Algemene opmerkings:**
Leerders het nie nodig om die gebeure as sodanig te bestudeer nie, slegs voorbeelde van wêreldgebeure van internasionale belang word vereis. Leerders moet die uitwerking wat hierdie gebeure op toerisme (plaaslike, streek- en internasionaal) het, kan aflei. **Die jongste inligting en die mees onlangse gebeure moet in die media gekry word.**

Leerders het nie nodig om die politieke situasies en onvoorsiene gebeure te bestudeer nie. Fokus op die impak wat hierdie situasies en gebeure op internasionale toerisme en die ekonomie van die betrokke land het. Dit is belangrik om te verseker dat leerders van onlangse voorbeelde bewus is.

Buitelandse markaandeel en statistiek: Leerders moet sleutelkonsepte, soos inkomende toeriste; buitelandse markaandeel; kernmarkte; nuwe markte; bestaande markte; bronmarkte; toeriste-aankomste en ontluikende markte, ken.

Wanneer toerisme-aankomsstatistiek geassesseer word om buitelandse markaandeel te bepaal, kan van leerders verwag word om grafieke en statistiese inligting oor lande van oorsprong, tipes toeriste en hul belange te interpreteer. Hulpbronne: die internet; Statistiek Suid-Afrika; Suid-Afrikaanse Toerisme (jaarlikse toerismeverslae); reisjoernale en tydskrifte en provinsiale toerisme-owerhede.

**VRAAG 10: KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS**

**Leerders kan vrae verwag oor:**
Metodes om kliënteterugvoering te kry en om kliëntetevredenheid te meet

**Algemene opmerkings:**
Leerders kan gevra word om inligting uit uittreksels, prente, spotprente, ens. te interpreteer en toe te pas.

Onderwysers word aangeraai om die DBE se goedgekeurde handboeke te gebruik wat voldoen aan die vereistes van die KABV vir Toerisme. Verwys na die lys goedgekeurde handboeke op BYLAE D.

Die toerismebedryf is 'n dinamiese bedryf wat voortdurend verander. Onderwysers moet op die hoogte bly van die nuutste verwikkelings en neigings in die toerismebedryf aangesien vrae oor verwikkelings en neigings in die vraestel kan voorkom.

## 4. DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT)

Die praktiese assesseringstaak is 'n verpligte komponent van die vak Toerisme en dra tot die finale promosiepunt by.

### 4.1 Opstel van die PAT

- Die PAT vir graad 12 sal jaarliks ekstern opgestel en gemodereer word.
- Die PAT assesseer die praktiese vaardighede van die vak.
- Die PAT sluit toepassing van vaardighede in wat van basiese tot gevorderde vaardighede vorder.
- Basiese inhoud en vaardighede van graad 10 en 11 kan in die graad 12-PAT geassesseer word.
- Die graad 12 PAT-pakket bevat die **PATs 1 & 2** (die assesseringsinstrumente ingesluit) en 'n **hulpbronpakket** vir leerders.
- Onderrig-inligting oor mediasie en implementering word in die Onderwyserriglyne ingesluit.

### 4.2 Struktuur en implementering

Die PAT-pakket bestaan uit TWEE dele:

**Deel 1 (Vir onderwysers): Die Onderwyserriglyne (vir bemiddeling en inligting)**

| | **Vir gebruik deur:** | **Inhoud** | **Tydraamwerk** | **Implementering** |
|---|---|---|---|---|
| **Deel 1** | **Onderwysers** | Onderwyserriglyne: Bemiddeling en inligting | Voor die PAT-sessie | Verstaan en raak vertroud met die inhoud van die Onderwyserriglyne ter voorbereiding van die PAT-sessie |

**Deel 2 (Vir leerders): Die PAT, die assesseringsinstrument en die PAT-hulpbronpakket**

<table>
<tr><th></th><th>Vir gebruik deur:</th><th>Inhoud</th><th>Tydraamwerk</th><th>Implementering</th></tr>
<tr><td colspan="2"></td><td colspan="3">DAG 1</td></tr>
<tr><td rowspan="5">Deel 2</td><td rowspan="5">Leerders</td><td>1. PAT vir Dag 1</td><td rowspan="2">Dag 1 van die PAT:<br>(2 ure*) + (2 ure) =<br>4 ure<br><br>*NOTA: 'n Pouse volgens die diskresie van die skool</td><td rowspan="2">DAG 1<br>Leerders ontvang:<br>PAT vir Dag 1 en die hulpbronpakket in die lokaal/lokale.<br>Leerders handig in:<br>• ANTWOORDEBOEK<br>• PAT vir Dag 1<br>• Hulpbronpakket</td></tr>
<tr><td>2. Amptelike PAT-hulpbronpakket</td></tr>
<tr><td colspan="3">DAG 2</td></tr>
<tr><td>3. PAT vir Dag 2</td><td rowspan="2">Dag 2 van die PAT<br>(2 ure*) + (2 ure) =<br>4 ure<br><br>*NOTA: 'n Pouse volgens die diskresie van die skool</td><td rowspan="2">DAG 2<br>Leerders ontvang:<br>PAT vir Dag 2 en hulpbronpakket in die lokaal/lokale.<br>Leerders handig in:<br>• ANTWOORDEBOEK<br>• PAT vir Dag 2<br>• Hulpbronpakket</td></tr>
<tr><td>4. Amptelike PAT-hulpbronpakket</td></tr>
</table>

## 4.3 Administrasie

- Die PAT moet onder gekontroleerde eksamentoestande gedoen word.
- Die PAT sal in 'n sessie van 8 uur aangebied word, opgedeel in twee sessies van 4 uur. Die twee sessies van 4 uur moet oor twee **agtereenvolgende** dae geskeduleer word. Pouses moet na goeddunke van die skool geïmplementeer word.
- Albei sessies moet op opeenvolgende dae plaasvind. Hierdie datums word deur DBE bepaal.
- Provinsies en skole mag nie hierdie taak verander of oortik of die taak van die vorige jaar gebruik nie.
- Alle PAT'e moet met die hand geskryf word, met die uitsondering van leerders wat om 'n konsessie aansoek gedoen het.
- Slegs hulpbronne en bylae wat in die amptelike PAT voorsien word, moet gebruik word.
- Kandidate wat nie die PAT-sessies bywoon nie, met of sonder 'n geldige rede, sal in ooreenstemming met paragraaf 4B(f)(ii), 6(4)(a)(ii), 8(1), 8(4), 8(5), 8(6), 8(7), 9(2), 10(3), 14(1)(b), 14(1)(d), 14(1)(e) van die *Nasionale Protokol vir Assessering* en die Nasionale Beleid rakende die Program- en Promosievereistes (NPPPR) paragraaf 29(1) hanteer word.

## 4.4 Nasien en moderering

- Die PAT word deur die onderwyser nagesien en deur die departementshoof/vakhoof verantwoordelik vir Toerisme gemodereer. Dit word ook ekstern deur die vakadviseur/ provinsiale vakhoof gemodereer. Hierdie proses word ekstern deur DBE/Umalusi geverifieer.
- Die leerders se PAT'e word op alle vlakke van moderering gemodereer: Skool/Distrik/ Provinsiaal.
- Slegs die modereringsinstrument wat in die PAT Onderwyserriglyne voorsien word, moet vir alle vlakke van moderering gebruik word om die geloofwaardigheid van die modereringsproses te verseker.
- Die standaard van die leerder-PAT word deur die vakadviseur/provinsiale vakhoof bepaal en goedgekeur vir die finale indiening van die punte.


## 5. SLOT

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulumdekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.

**BYLAE A**

**DIE TYDSONE-KAART** (wat in die NSS- eksamenvraestel gebruik word)



**BYLAE B**

**AKSIEWERKWOORDE: BLOOM SE HERSIENE TAKSONOMIE**

| | **KOGNITIEWE VLAKKE** | **VERMOË** |
|---|---|---|
| **1** | **Onthou**<br>(vlak verwerking: vereis feitelike antwoorde, toets herroeping en herkenning) | Herroeping van feite, begrippe, veralgemening, terminologie, name, ens. |
| **2** | **Verstaan/Begrip**<br>(weergee, interpreteer en ekstrapoleer) | Die vermoë om feitelike kennis te interpreteer en om materiaal wat geleer is, weer te gee, te orden en te herrangskik |
| **3** | **Toepassing**<br>(om te weet wanneer om toe te pas; waarom toe te pas en weergeepatrone te herken na situasies wat nuut, onbekend is, of 'n nuwe inslag vir leerders het) | Die vermoë om bestaande kennis op nuwe of soortgelyke probleme toe te pas om dit op te los |
| **4** | **Ontleed**<br>(opbreek in dele, vorms) | Die vermoë om elemente van 'n georganiseerde geheel of gestruktureerde situasie af te breek en te identifiseer |
| **5** | **Evalueer**<br>(volgens 'n stel kriteria, en noem waarom) | Die vermoë om die waarde en akkuraatheid van materiaal aangebied, volgens vasgestelde kriteria te kan beoordeel |
| **6** | **Skep**<br>(die kombinasie van elemente in 'n patroon wat duidelik nie voorheen daar was nie) | Die vermoë om besluitnemingsituasies te ontwerp en te debatteer en te neem |

| **VLAK** | **DENKVAARDIGHEID BENODIG** | **AKSIEWERKWOORD**<br>**LET WEL:** Aksiewerkwoorde word bepaal deur die kognitiewe vlak van die vraag. |
|---|---|---|
| 1 | **KEN** terminologie, definisies, formules, volgordes, tendense, metodes, teorieë, oorsake, ens. | Noem |
| | | Beskryf |
| | | Dui aan |
| | | Gee |
| | | Identifiseer |
| | | Kies |
| 2 | **VERSTAAN/BEGRIP** word weerspieël deur interpretasie, omskakeling, ekstrapolasie, ens. | Verduidelik |
| | | Gee |
| | | Vergelyk |
| | | Definieer |
| | | Onderskei |
| | | Voorspel |
| 3 | **TOEPASSING** van beginsels, metodes, teorieë. ens. voorheen bemeester | Identifiseer |
| | | Bereken/Skakel om |
| | | Vergelyk |
| | | Ondersoek |
| | | Illustreer |
| 4 | **ONTLEDING** van elemente, verhoudings, klassifikasiebeginsels, ens. | Kies/Identifiseer |
| | | Analiseer/Vergelyk |
| | | Bespreek/Verduidelik |
| | | Vergelyk |
| 5. | **EVALUERING** van logiese samehang van materiaalstudies, praktiese toepassing, ens. | Evalueer/Beveel aan |
| | | Stel voor |
| | | Vergelyk |
| | | Stel voor/Los op |
| 6. | **SKEP** deur middel van die afleiding van die abstrakte verhouding, die voorstel van nuwe metodes en klassifikasies, ens. | Ontwerp<br>Ontwikkel<br>Rangskik/Orden/Voorspel/Skep |

Kopiereg voorbehou 

**BYLAE C**

**LYS VAN TERME WAT GEWOONLIK GEBRUIK WORD WANNEER VRAE OPGESTEL WORD**

| **Die volgende is 'n lys van terme wat gewoonlik gebruik word wanneer vrae opgestel word:** | | |
|---|---|---|
| 1. | Beskryf | Skryf die kenmerke van iets op 'n logiese en goed gestruktureerde manier neer |
| 2. | Bespreek/Redeneer | Ondersoek en stel die aspekte van die saak of stelling krities |
| 3. | Vergelyk | Lig ooreenkomste en verskille uit. Die leerder moenie eers die een saak bespreek of beskryf en dan na die volgende oorgaan nie. |
| 4. | Volgorde/Rangskik | Rangskik konsepte, stellings of beskrywings volgens 'n bepaalde kriterium |
| 5. | Identifiseer/Kies | Identifiseer die wesenlike eienskappe van die saak |
| 6. | Evalueer/Bespreek krities | Beoordeel die basis van 'n bepaalde vertrekpunt of kriterium. Beklemtoon die sterk- en swakpunte nadat die feite en/of standpunte oorweeg is. |
| 7. | Beplan | Beplan 'n metode/modus operandi, bv. 'n eksperiment |
| 8. | Noem/Gee | Gee die basiese feite sonder bespreking |
| 9. | Verduidelik/Klaar uit | Maak dit duidelik, stel dit eenvoudig sodat die leser kan verstaan. Blote feitestelling is nie voldoende nie. |
| 10. | Gee byskrifte | Benoem 'n skets of diagram |
| 11. | Analiseer | Verdeel in dele of elemente en verduidelik die verhouding |
| 12. | Onderskei | Lig die besonderhede uit wat die een en die ander onderskei (verskille) |
| 13. | Voorspel | Voorspel wat sou gebeur |
| 14. | Som op | Lig die hoofaspekte van die hele saak/inhoud kortliks uit, maar behou die kern – gee 'n oorsig. |
| 15. | Bereken | Pas wiskundige berekeninge toe om 'n antwoord te kry |

**BYLAE D**

**LYS VAN HANDBOEKE DEUR DIE DBE GOEDGEKEUR**

| | **HANDBOEK** | **UITGEWER** |
|---|---|---|
| 1 | *Fokus Toerisme graad 10–12* | Maskew Miller Longman |
| 2 | *Oxford Suksesvolle Toerisme graad 10–12* | Oxford University Press |
| 3 | *Oplossings vir alle Toerisme graad 10–12* | Macmillan S Afrika |
| 4 | *Spot on Toerisme graad 10–12* | Heinemann Uitgewers |
| 5 | *Topklas Toerisme graad 10–12* | Schuter & Shooter |
| 6 | *Via Afrika Toerisme graad 10–12* | Via Afrika |

Kopiereg voorbehou